# Ontwikkelings- en Fondswerwingsbeleid en -reëls

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 6P_6.3 |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking |
| **Beleideienaar** | Direkteur: Belanghebberverhoudinge |
| **Verantwoordelike afdeling** | Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 18 November 2021 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | November 2026 |

*Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking*

# ONTWIKKELINGS- EN FONDSWERWINGSBELEID EN -REËLS

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid op 18 November 2021 aanvaar.

## 1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met:

1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 die Statuut van die Noordwes-Universiteit; en

1.4 alle verwante beleide van die NWU, veral die handelsmerk- en kommunikasiebeleide.

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

beteken **"skenking"** die oordrag van ŉ geskenk – hetsy monetêr of in natura – aan die Universiteit waar die skenker niks anders in ruil verwag as erkenning en die beskikking van die geskenk in ooreenstemming met die skenker se wense nie;

beteken **"uitvoerende direkteur"** die uitvoerende direkteur: Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking;

beteken **"fondswerwer"** enige NWU-werknemer, student, of derde party met ŉ mandaat wat namens die Universiteit fondswerwing doen;

verwys **"fondswerwing"** na ŉ proses van verkryging van donasies, borge en beurse – gewoonlik vir spesifieke sake of projekte – van individuele filantrope of organisasies, en het "werwing van fondse" ŉ ooreenstemmende betekenis; en

beteken **"projekleier"** enige NWU-werknemer, student of derde party met ŉ mandaat wat in beheer is van die opstel van ŉ fondswerwingsvoorstel en die implementering van ŉ fondswerwingsprojek.

## 3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om in die belang van die welstand en volhoubaarheid van die Universiteit interaksie te hê met die skenkergemeenskap, plaaslik sowel as internasionaal, om fondse in te samel vir aktiwiteite wat die Universiteit se strategiese doelwitte ondersteun.

## 4 Omvang van toepassing

4.1 Hierdie beleid geld vir alle lede van die Raad, werknemers, studente en derde partye wat deur die NWU aangewys kan word om namens die Universiteit fondsinsameling te doen.

4.2 Hierdie beleid is nie van toepassing op die areas van kontraknavorsing en kommersialisering nie.

# 5 Rolle en verantwoordelikhede

5.1 Die Uitvoerende Direkteur moet –

5.1.1 toesig hou oor die oorhoofse implementering van hierdie beleid; en

5.1.2 die identifikasie van fondswerwingsprioriteite by die NWU fasiliteer.

5.2 Die Uitvoerende Direkteur moet in oorleg met die Universiteitsbestuurskomitee (UBK) besluit hoe diskresionêre skenkings aangewend moet word om prioriteitsprogramme van die Universiteit te ondersteun.

5.3 Projekleiers moet projekvoorstelle – wat naamgewingsregte van ŉ gebou en ander eiendom van die Universiteit kan insluit – aan die UBK voorlê in ooreenstemming met tersaaklike beleide, veral die Universiteit se Beleid en Reëls oor Erebenaming.

# 6 Reëls

## 6.1 Koördinering van projekte

Uitvoerende Dekane, Uitvoerende Direkteurs en Senior Bestuurders, insluitende die bestuur van universiteitsverwante entiteite, moet elke ses maande aan die Uitvoerende Direkteur verslag doen oor huidige en beplande fondswerwingsprojekte, en oor geprioritiseerde behoeftes en geleenthede.

## 6.2 Studentefondswerwingsprojekte

6.2.1 Alle studenteliggame moet hul jaarlikse fondswerwingsplanne aan die betrokke kampusdirekteurs vir studentelewe voorlê vir vooraf goedkeuring.

6.2.2 Vir koördineringsdoeleindes en om skenkeruitputting te voorkom, moet die kampusdirekteurs vir studentelewe aan die Uitvoerende Direkteur verslag doen oor goedgekeurde studentefondswerwingsprojekte.

## 6.3 Gekoördineerde verkryging van skenkings

6.3.1 Om skenkeruitputting te voorkom en om te verseker dat huidige of beplande inisiatiewe nie geriskeer word nie, moet fondswerwing op ŉ gesinchroniseerde manier geskied, en wel soos volg:

6.3.1.1 Voordat ŉ nuwe fondswerwingsinisiatief van stapel gestuur word of ŉ voornemende skenker genader word, moet ŉ fondswerwer wat in ŉ fakulteit of ondersteuningsdepartement gebaseer is met die Uitvoerende Direkteur oorleg pleeg.

6.3.1.2 Fondswerwers moet met die kantoor van die Visekanselier skakel voordat hulle die nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir befondsing nader.

6.3.1.3 Fondswerwers moet met die kantoor van die Adjunk-visekanselier: Navorsing en Innovasie skakel voordat die Departement van Wetenskap en Innovasie gekontak word.

6.3.2 Fondswerwers moet fondswerwing op ŉ etiese manier en in ooreenstemming met NWU-beleide en -reëls onderneem.

6.3.3 Slegs die Uitvoerende Direkteur mag derde partye of maatskappye aanwys om namens die Universiteit fondswerwing te doen.

## 6.4 Aanvaarding van skenkings

6.4.1 Geen fondswerwingsinisiatiewe mag onderneem word nie, en geen skenking mag aanvaar word nie, indien –

6.4.1.1 die reputasie of belange van die Universiteit skade kan ly weens die aard van die projek, bepalings van die skenking, of assosiasie met ŉ bepaalde skenker;

6.4.1.2 die Universiteit dit moeilik of onmoontlik sal vind om die betrokke inisiatief of projek deur te voer; of

6.4.1.3 die bepalings of beperkings met betrekking tot die skenking wederregtelik is of teen die Universiteit se waardes en doelwitte indruis.

## 6.5 Kontraktering

6.5.1 Alle ooreenkomste met betrekking tot skenkings moet deur die Uitvoerende Direkteur hersien word en deur Regsdienste goedgekeur word voordat dit onderteken word.

6.5.2 Getekende ooreenkomste moet onverwyld by Regsdienste ingedien word vir rekordhouding.

## 6.6 Aanwysing en boekstawing van skenkings

6.6.1 Alle skenkings moet direk in een van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings gedeponeer word.

6.6.2 Projekleiers moet toesien dat skenkings uitsluitlik vir die bestemde doel aangewend word.

6.6.3 Diskresionêre skenkings mag vryelik aangewend word om die Universiteit se doelwitte te ondersteun, onderhewig aan die goedkeuring van die UBK.

6.6.4 Projekleiers moet ontvangs van skenkings onverwyld aan die Uitvoerende Direkteur rapporteer sodat dit op die DevMan-stelsel vasgelê kan word.

6.6.5 Geskenke van enige aard moet op die finansiële stelsel vasgelê word, met stawende dokumente, ten einde erkenning van ontvangs te verseker.

## 6.7 Kwitansies en Artikel 18A-belastingsertifikaat

6.7.1 Fondswerwers of projekleiers moet alle nodige dokumente met betrekking tot die skenking aan die uitvoerende direkteur voorlê binne één maand nadat die skenking ontvang is.

6.7.2 Die Ontwikkelings- en Fondswerwingskantoor moet ingevolge Artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting ŉ belastingsertifikaat uitreik ná ontvangs van alle regsdokumentasie van die fondswerwer of projekleier.

6.7.3 Versoeke vir Artikel 18A-belastingsertifikate moet voor die einde van die finansiële jaar van ontvangs geprosesseer word.

## 6.8 Stigting van ŉ fonds

6.8.1 Indien ŉ skenker bepaal dat ŉ fonds vir ŉ spesifieke doel gestig moet word of bepaal dat ŉ skenking in ŉ fonds gedeponeer moet word wat nog nie bestaan nie, moet die skenking en alle relevante dokumentasie deurgestuur word aan die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite vir toepaslike hantering as ŉ nuwe fonds in ooreenstemming met die bepalings.

Skenkings met verskillende beperkings of voorwaardes moet in afsonderlike fondse gedeponeer word.